So is ons verraai (23)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (13)

Aanbreek van die sestigerjare: "Uhuru", Sharpeville en Umkhonto

Die Boere-Afrikaner se vrese oor die gevolge van 'n Swart regering vir Suid-Afrika is gesterk deur gebeure elders in Afrika, waar voormalige Europese kolonies een na die ander onafhanklik geword het. Die Swahili-woord vir vryheid, *Uhuru*, en die afgryslike gebeure wat met *Uhuru* gepaard gegaan het, het die ergste vermoedens van die Blanke Suid-Afrikaner, bevestig: Swart "bevryding" en meerderheidsregering het hand aan hand gegaan met die ergste denkbare barbarisme in dosyne Afrikastate. "Vryheidsvegters" in die voormalige kolonies het Blankes, Arabiere en Indiërs op 'n groot skaal uitgemoor met kapmesse, bendeverkragtings op vroue uitgevoer, kinders vermink en tot die dood toe gemartel, selfs stoetvee en wild in die land se wildtuine uitgeroei, en infrastruktuur en letterlik alles meer wat "Wit regering" verteenwoordig het, vernietig. Daarna het hulle marxistiese diktatorskappe tot stand gebring wat alle vorms van menseregte tot so 'n mate vertrap het dat die ergste vergrype van die voormalige koloniale regerings in vergelyking daarmee absoluut niksseggend is.

Op 24 Januarie 1960 het dit gelyk asof *Uhuru* Suid-Afrika bereik het toe 'n groep polisiemanne deur 'n Swart bende by *Cato Manor* in Natal omsingel is. Vier Wit en vyf Swart polisiebamptes is doodgeslaan en sommige onherkenbaar vermink (*Heymans: 1-17*).

Minder as twee maande later, op 21 Maart 1960, het 'n woedende skare van 15 000 Swartes teen die plaaslike polisiestasie by Sharpeville, 'n Swart lokasie naby Vereeniging in Transvaal, opgeruk. Hulle is deur die PAC (Pan Africanist Congress), 'n groep wat kort tevore van die ANC weggebreek het, opgesteek om teen die dra van passe te agiteer. Die skare het 'n munisipale voertuig vernietig en die Polisiestasie omsingel. Die aankoms van 'n gepantserde polisievoertuig, het nie die skare tot bedaring laat kom nie; inteendeel, hulle het begin om klippe te gooi, vorentoe gebeur en die heining om die polisiestasie begin omstoot (*Grobbelaar: 70*). Morgan Norval, 'n voormalige VSA-Marinieroffisier en student wat die gebeure nagevors het, beskryf dit as volg:

"The crowd had been stirred up by fiery oration and advanced on the station armed with sticks, clubs, bottles, knives, spears, iron pipes, pangas (an African version of the machete) and other weapons... Viewing the chanting, frenzied crowd advancing on them, the handful of officers at the station panicked and opened fire. When the shooting stopped, 69 blacks were dead and 178 wounded... both the ANC and PAC

leadership seized on the tragic event to advance their own agendas" (*Norval, M.: 58*).

Na die Sharpeville-insident het die ANC en PAC 'n intensiewe opruiende kampanje geloods en daar het wydverspreide opstande plaasgevind. 'n Skare van 25 000 het byvoorbeeld in Kaapstad, 1 500 km van Sharpeville af, saamgetrek. Onder die leiding van sy kommunistiese leiers het die ANC 'n militêre vleuel, *Umkhonto we Sizwe* (Spies van die Nasie; afgekort as MK) gestig met Nelson Mandela as "opperbevelvoerder". MK was verantwoordelik vir ongeveer 400 dade van sabotasie wat gedurende die tydperk 1961 tot 1963 landswyd gepleeg is (*Stadler: 26*).